Maandag **1 April**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-11**

**Fokusgedeelte: Jesaja 40:3-5 (AFR83/2020)**

**Die tweede stem van vertroosting – Vir God is alles moontlik!**

Jesaja 1-39 eindig in ’n doodloopstraat. Vir die volk in ballingskap het dit gevoel asof hulle van God se lig en lewe afgesny is. Die meeste van ons ken hierdie gevoel baie goed. Miskien is jy in so ’n put? Daar kan verskeie redes daarvoor wees – die magte van die ekonomie, die politiek, konflik of siekte wat jou gevange hou. Al jou mooi drome oor môre verval in onsekerheid en die uitgang na die Lig word so versper. Dit voel of God jou verlaat het; jou alleen agtergelaat het.

Nee! God sal jou nooit verlaat nie! Dit bevestig Jesaja 40. Dis immers God die Almagtige wat die inisiatief neem om sy volk tot hulp te wees, toe hulle opnuut tot Hom om hulp geroep het. Ja, die volk se verleentheid is God se geleentheid om ’n nuwe begin met Israel te maak. Hierdie inisiatief begin in die verbondshart van God. Hy neem die skuldbelydenis van sy volk ter harte. Die tyd van genade het aangebreek. Soos ’n donderslag uit die hemel weerklink dit in die ore van sy volk: Die uitkoms is hier! Julle skuld is vergewe. God sal vir julle ’n pad uit julle ellende oopbreek.

Israel moes ’n tyd wag voor hulle uit die put gehaal is, maar hulle is. Met Jesus se koms na hierdie aarde het sy lig deurgebreek om op ons te skyn. Johannes die Doper haal hierdie woorde uit Jesaja aan (Joh. 1:23), om dan nie net na Jesus se eerste koms te verwys nie, maar ook na die heerlikheid wat met sy wederkoms gepaard sal gaan. Alles sodat ons mag weet en glo: Die HERE het ons nie verlaat nie. Hy is hier. Hierdie beloftes word vir ons in Jesaja 40:5 gewaarborg: “Die HERE self het so gesê.” Kom ons volhard in ons trou aan die HERE. Glo en weet, die onmoontlike gaan moontlik word, want vir God is niks onmoontlik nie.

*Sing: Skrifberyming 11-1:1, 2, 3 (SB 22)*

*Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)*